

TRIMPARKE AS STEDELIKE ONTSPANNINGSFASILITEIT MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE NEW MUCKLENEUK TRIMPARK.

Professor M L Hugo

Departement van Geografie, Universiteit van Pretoria

Manuskrip aanvaar Oktober 1988

Since the establishment of the first trimpark in South Africa in 1978, large sums of money and much valuable land have been invested in the erection of new parks. The motivation has been the success of a model park such as New Muckleneuk. In recent years however doubts seem to have arisen as to the justification of trimparks due to the alleged lower attendance rates. The question thus is whether it is worthwhile to continue investing time, space and money on an outdated concept.

Analysis has shown that attendance rates, although lower, have stabilized at a level which justifies the continuing development of this form of recreational facility. What is however needed is a scientific approach towards the siting, planning and designing of trimpark facilities; the provision of additional facilities; multiple usage of the sites, and the appointment of trimpark leaders.

Due to the importance of general population fitness, a vigorous advertising and promotion campaign should be launched to renew public awareness of trimparks. The trimpark concept has enough inherent vitality to justify such action.

Daar is sedert die instelling van die eerste trimpark in Suid-Afrika in 1978, reeds geweldige groot bedrae geld en waardevolle grond belê in die oprigting van trimparke. Die sukses van 'n modelpark soos die een by New Muckleneuk was grootliks die beweegredie hiervoor. In onlangse jare het daar as gevolg van dalende besoekersgetalle, twyfel begin ontstaan of die aanbring van sulke parke geregtig kan word. Die vraag is dus of dit die moeite werd is om soveel tyd, geld en grond te bestee aan 'n verouderde konsep.

Navoring het egter getoon dat, alhoewel bywoningsyfers gedaal het, die besoekersgetalle gestabiliseer het en

bestendig genoeg is om sulke ontspanningsfasiliteite te regverdig. Wat egter wel dringend noodsaaklik is, is 'n wetenskaplike benadering tot die ruimtelike plasing, beplanning en ontwerp van trimparkterreine.

Die belangrikheid van algemene fiksheid van die bevolking moet tuisgebring word by die gemeenskap deur middel van reklame en advertensieveldtogene sodat die publiek weer eens bewus kan word van die waarde van trimparke. Die Trimparkgedachte is inherent nog sodanig lewenskrachtig dat bovemelde optrede wel geregtig sou wees.

ERKENNING:

Die studie is gefinansier deur SAVS-LOR vir die Departement Onderwys en Kultuur. Die hulp van die Parkeerdepartement van die Stadsraad van Pretoria word spesiaal vermeld.

1. INLEIDING EN PROBLEEM-STELLING

Sedert die totstandkoming van die eerste trimpark in Suid-Afrika in 1978, is daar groot bedrae geld belê in die oprigting van nuwe parke. Die aanvanklike motivering van die oprigting van steeds meer en meer parke word gevind in die suksesse wat behaal was met modelparke, soos New Muckleneuk in Pretoria. Plaaslike owerhede bestee vandag, benewens finansiële steun vir aanvanklike oprigting soos ontvang vanuit owerhedsweë, groot bedrae geld om bestaande parke te onderhou en om nuwe op te rig.

Uit mededelings van stadsraadsverteenwoordigers vanuit verskeie oorde is daar getuenis dat trimparkbesoeke aan die afneem is. Op die oog af skyn die trimpark dus tans 'n onbenutte ontspanningsarea te wees wat in sommige stede waardevolle grondoppervlaktes beslaan en wat niediehoë onderhouds-

kostes regverdig nie. In werklikheid egter, kan 'n ten volle funksioneerende trimpark 'n groot bydrae lewer as rekreasie-eiland in stedelike gebiede, soos wat in Europese lande die geval is.

2. HIPOTESE

Uit die waargenome problematiek kan dus gepostuleer word dat die daarstelling van trimparke en die organisasie van trimparkaktiwiteite nie in tred is met die werklike ontspanningsbehoeftes en voorkeure van die deursnee stedeling nie. Indien daar meer aandag gegee word aan spesifieke plasingsfaktore en gelet word op die spesifieke behoeftes van potensiële gebruikers, behoort trimparkbenutting in intensiteit toe te neem.

2.1 Sub-hipoteses

Bestaande hipotese kan soos volg verder onderverdeel word:

- (i) Daar bestaan 'n gebrek aan belangstelling in trimparkdeelname by die deursnee stedeling.
- (ii) Trimparke word te dikwels in verkeerde woonbuurttes aangetref. Dit behoort volgens 'n wetenskaplike liggingsmodel geplaas te word.
- (iii) Daar bestaan 'n groot mate van onkundigheid by die publiek oor die bestaan en ligging van trimparke wat dui op swak bemarking.
- (iv) Voorligting en leiding deur opgeleide trimleiers, kan lei tot verhoogde deelname.
- (v) Meeroelgrondgebruik kan deelname verhoog.
- (vi) Trimparke word nie slegs gebruik vir die oorspronklike doel, naamlik oefening nie, maar dikwels as park vir ontspanning. Daar is dus 'n klemverskuiwing vanaf "trim" na "park".

Bogenoemde sub-hipoteses sal voortaan aangewend word as riglyne waar-

TABEL 1 DEELNAMESTATISTIEK VIR PRETORIA GEDURENDE 1985

Januarie 1985					10 - 23 April 1985					16 - 29 Julie 1985										8 - 19 Oktober 1985									
DEELNAME IN VAKANTIE					DEELNAME IN SKOOLVYO					DEELNAME IN SKOOLVYO					DEELNAME IN VAKANTIE					DEELNAME IN VAKANTIE					DEELNAME IN VAKANTIE				
DAAGLIKSE GEMIDDELD		PERSENTASIE DEELNAME		TOTAAL	DAAGLIKSE GEMIDDELD		PERSENTASIE DEELNAME		TOTAAL	DAAGLIKSE GEMIDDELD		PERSENTASIE DEELNAME		TOTAAL	DAAGLIKSE GEMIDDELD		PERSENTASIE DEELNAME		TOTAAL	DAAGLIKSE GEMIDDELD		PERSENTASIE DEELNAME		TOTAAL	DAAGLIKSE GEMIDDELD		PERSENTASIE DEELNAME		TOTAAL
67	23,9	52,0	321	22,9	16,2	259	37	55,6	207	29,6	44,4	466	33,3	23,5	480	68,6	59,5	327	46,7	40,5	807	57,6	40,7	194	32,3	50	194	32,3	194
62	8,9	46,6	133	9,5	12,8	120	17,1	48,8	126	18	51,2	246	17,6	23,7	286	40,9	58,5	203	29	41,5	489	34,9	47,1	87	14,5	51,2	83	13,8	20,2
74	24,9	60,2	289	20,6	25,7	160	22,9	55,9	126	18	44,0	286	20,4	25,4	126	18	40,9	182	26	59,1	308	22	27,4	122	20,3	50,2	121	20,2	20,2
44	8,3	56,4	78	5,8	19,8	44	8,3	49,4	53	7,6	54,6	97	6,9	24,7	73	10,4	53,7	63	9	46,3	136	9,7	34,6	42	7	51,2	40	6,7	6,7
47	63,9	54,4	821	58,6	18,1	583	83,3	53,2	512	73,1	46,8	1095	78,2	24,1	965	137,9	55,5	775	110,7	44,5	1740	124,3	38,3	445	74,2	50,4	438	73	73
18	31,1	59,4	367	26,2	24,2	204	29,1	53,3	179	25,6	46,7	383	27,4	25,2	199	28,4	44,8	245	35	55,2	444	31,7	29,2	164	27,3	50,5	161	26,8	26,8

SUPERVARIETYPERKE IN 1985

	DAAGLIJKSE GEMIDDELD	PERSANTASIE DEELNAME		DAAGLIJKSE GEMIDDELD	PERSANTASIE DEELNAME
95	33,1	45,2	1992	36,7	43,7
74	17,6	45,7	1038	19,2	22,9
03	22,7	53,6	1126	20,9	24,8
	0,0	7,4	51	393	7,3
	72	80,4	47,9	4539	84,1
03	29,7	52,9	1519	28,1	33,5
			TOTAAL		

volgens die navorsingshipotese ontleed sal word en waaruit daar na verwagting oplossings met betrekking tot die probleemstelling aan die hand gedoen sal word.

3. NAVORSINGSMETODE

Aangesien hierdie studie hoofsaaklik gemik is op 'n analise van die New Muckleneukpark, sal daar slegs ter wille van interessante korrelasies na resultate wat vir kontrole-doeleindes oor dieselfde tydperke in vier ander trimparke behaal is (tewete in Potchefstroom, Sasolburg, Vanderbijlpark en Boksburg) verwys word.

Na gelang van die aard van die probleem wat ondersoek moes word, het dit duidelik gevlyk dat oplossings alleenlik gevind kon word deur trimparkbesoekers sowel as inwoners vanuit die voedingsgebiede van trimparke te betrek by die studie. Daar is besluit op die *vraelysmetode*, wat uiteraard die nodige kontak met werklike en potensiële gebruikers kon bewerkstellig, en deur *observasie* van trimparkaktiwiteite om verdere inligting te bekom.

Daar is twee vraelyste saamgestel. Die eerste vraelys is gerig op huisbewoners. Vorige navorsing (Kallmeyer, 1984:23 and Hugo, 1982:8) toon aan dat die meeste trimparkbesoekers afkomstig is uit die woonbuurtes wat binne 'n radius van twee kilometer vanaf die trimpark geleë is. Vir die verkryging van 'n ewekansige steekproef, is gebruik gemaak van munisipale adreslyste. Die steekproef is beperk tot private standplaaseienaars of huurders. Daar is besluit op 'n steekproefgrootte van 6% wat beteken het dat 478 vraelyste versprei is in 'n gebied met 7 981 moontlike adresse. Die bedorwe vraelyste het die uiteindelike steekproefgrootte te staan gebring op 5,4%.

Die tweede vraelys is by die trimparke aan trimparkbesoekers uitgedeel. Vir die vraelysopname by die trimpark self (en telling van totale besoekergetalle) is observasietydperke so gekies dat dit vier tweeweeklikse periodes behels het in die maande Januarie, April, Julie and Oktober en wel so dat een week telkens deel was van die skoolvakansie en die tweede week deel van die skooltermyn. Die tyd van observasie was daagliks tussen 06h00 en 18h00. 'n Steekproefgrootte van 2% van die to-

tale waargenome deelnemers is betrek. In Tabel 1 word die bywoningstatistiek verstrek.

4. ANALISE VAN BESOEKERSDATA

4.1 Besoekersgetale

Syfers verkry van die stadsraad van Pretoria, duif daarop dat die totale aantal besoekers by die New Muckleneukpark vir Julie en Augustus 1978, 33 495 mense beloop het, wat tereg deur Theron (destydse Adjunk-direkteur, Departement van Parke en Ontspanning van die Pretoriase Stadsraad) as "feno-menaal" bestempel is (Parke Administrasie, 1979:17).

Vanuit Figuur 1 blyk dit dat die totale besoekers vir die twee-weke tydperk 16 tot 29 Julie 1978, 'n getal van 7 110 beloop het teenoor slegs 1 740 vir die ooreenstemmende tydperk in 1985.

Uit die grafiek blyk daar egter 'n ander belangrike tendens. Die 1985 kurwe blyk meer afgeplat te wees en handhaaf met enkele uitsonderings na, 'n taamlike konstante daagliks gemiddelde, terwyl die 1978 kurwe baie groter variasie-spronge toon. Die verklaring kan gevind word daarin dat, volgens

Van Biljon (die eerste programleier in 1978) daar in 1978 dikwels groepe besoekers, waaronder busvragte vol skoolkinders, die park besoek het. In

die mees onlangse opnames (1985) was groepsbesoek nie eers een keer gerapporteer nie. Die 1985-deelname weer-spieël dus 'n ongedwonge spontane bywoningssyfer van individue.

Trimparkstellings in Potchefstroom (in Oktober 1981 en Oktober 1984) duif ook op 'n daling van 41,3% oor 'n periode van vier jaar (Joubert, 1981:25 en Kallmeyer, 1984).

Die waarneming soos in die probleemstelling geformuleer, blyk dus bewaarheid te wees, naamlik dat trimpark-deelname drasties afneem.


4.2 Skool- en vakansietydperke

Figuur 2 illustreer die verskynsel dat deelname van mans en vrouens aan trimparkaktiwiteite by New Muckleneukpark hoër is in die skooltermyn. In die geval van kinderdeelname blyk die teendeel waar te wees. In totaal geneem, is daar egter 'n geringe daling in trimparkbesoeke tydens vakansies.


Die rede vir die feit dat meer mans en vrouens as kinders die park in die skooltermyn besoek, word gevind in die feit dat die grootste groep besoekers uit studente bestaan wat waarskynlik gedurende vakansietye na hul tuisdorp terugkeer.

FIGUUR 1


BESOEKERSGETALLE – NEW MUCKLENEUK-TRIMPARK (1978 en 1985)



FIGUUR 2 EFFEK VAN VAKANSIETYE OP TRIMPARKBESOEK




FIGUUR 3 GESLAGSGROEPERING



4.3 Geslagsgroepering van trimparkbesoekers

Trimparkobservasies in die vyf kontrole-parke het die volgende persentasieverspreiding getoon:




Die besoek van kinders aan die New Muckleneukpark is heelwat minder as by die ander kontrole-parke (Figuur 3). Daarenteen vertoon mans en vrouens hoër besoekerspersentasies by New Muckleneuk as by die ander parke. Die groot aantal mans en vrouens is reeds in paragraaf 4.2 verklaar. Die uitsonderlike hoë besoekersyfers van kinders by die Sasol-trimpark, is te danke daaraan dat die trimpark in die swembadterrein aangetref word.

Die lae persentasie dogters by New Muckleneuk, kan toegeskryf word aan die afgeleë ligging van die park met min sig vanaf straat: dit word bevestig deur die relatiewe lae deelname van vroue teenoor mans..

FIGUUR 4

OUERDOMSGROEPERING



4.4 Ouderdomsgroepering van trimparkbesoekers

Vanuit Figuur 4 blyk dit dat ouerdomsgroep onder die ouerdom van 40 jaar goed verteenwoordig is. Persone tussen 18 en 24 jaar, verteenwoordig 17% van alle gebruikers. Hierdie ouerdomsgroep sluit die groot aantal studente in (kyk par. 4.5). Dit is moeilik om te sê waarom persone in die ouerdomsgroep 25 tot 29 opvallend laer deelnamepersentasie toon as die groep waaraan hulle grens. So bestaan daar byvoorbeeld 'n verskil van 5% tussen hierdie groep en die 30 tot 34 jaar groep terwyl hulle, wat getalle betrek, dieselfde verteenwoordiging in die populasie geniet. Die ouerdomssamestelling van die populasie, soos vanuit vraelysinformasie verkry, toon dat daar slegs 'n klein verskil in getalle tussen die twee ouerdomsgroepe is. Die groep 30 tot 34 maak 10,8% en die groep 25 tot 29 maak 9,7% van die totale populasie uit.

4.5 Beroepsverdeling van besoekers

Ongeveer 31% van alle trimparkbesoekers by New Muckleneuk, is studente en skoliere. Hierdie tendens is ook deur vorige navorsing (Hugo, 1984:3 en Joubert, 1981:30) in Potchefstroom aangetoon, maar korreleer ook goed met huidige resultate wat in Sasolburg verkry is.

Uit Figuur 5 is dit duidelik dat professionele persone die mees gerealde deelnemers is alhoewel hulle as groep slegs die derde grootste verteenwoordiging in die populasie geniet.


Drie groepe gebruikers kan onderskei word:

* Groep 1: Die waar daar 'n korrelasie tussen persentasie in die woongebied en werklike deelname bestaan. Die klerklike/admin. groep sowel as die huisvrouens resorteer in hierdie kategorie.

* Groep 2: Die waar daar 'n hoër as verwagte deelname is. Die kategorie behels die professionele beroepsgroep.


* Groep 3: Die waar deelname laer is as wat verwag sou kon word. Dit word verteenwoordig deur die tegnies/handewerk en afgetrede persone.

FIGUUR 5
BEROEPSVERDELING



(5%), terwyl die laagsbesoldigde groep blykbaar weer 'n hoër persentasie benutting toon as wat daar in die omgewing van die trimpark woonagtig is. Die aspek van inkomste benodig nog meer navorsing soos die lopende werk van Wolfaardt(s.j.) in Port Elizabeth waarana reeds verwys is.

FIGUUR 6.1
INKOMSTE VAN BESOEKERS




4.6 Inkomsteverdeling van besoekers

Soos uit Figuur 6.1 blyk, en ook deur resultate van ander trimpakte bevestig word, wil dit voorkom asof die middelin komstegroep die mees waarskynlike deelnemers aan trimpakaktiwiteite is. 'n Vergelyking van besoekersgetalle in parke in Port Elizabeth wat in verskillende sosio-ekonomiese gebiede

voorkom, het hierdie tendens bevestig (Wolfaardt, s.j.) Meyer (1984:6) stel dit ook dat die middel-tot die hoër middelklas die aangewese populasies is vir wie voorsiening gemaak moet word vir stadsparkoprigting. Figuur 6.2 illustreer die waarneming dat daar verhoudingsgewys minder deelnemers in die topinkomstegroep (tewete 1%) is, as wat daar in die deursnee bevolking voorkom

FIGUUR 6.2

INKOMSTE VAN TRIMPARKBEDIENINGSGEBIED



5. AKTIWITEITSANALISE

5.1 Trimparkaktiwiteite


Figuur 7 toon dat "draf alleen" en "draf of stap gekombineer met apparaatoefeninge" die mees gewilde trimparkaktiwiteit is in die New Muckleneuk-park. Figuur 8 wat die voorkeure in vyf trimpakte uitbeeld, dui daarop dat hier-

die voorkeure ook by ander parke geld. Dit blyk verder dat die trimpark nie baie gebruik word as 'n ontspanningspark vir piekniek of speel of dergelike aktiwiteite nie. Die feit dat nie een van die parke wat betrek was by die navorsing spesifieke geriewe vir braaivleis en piekniek gehad het nie, veroorsaak sekerlik dat dit nie daarvoor gebruik is nie, maar dit blyk ook dat die publiek nie 'n besondere behoefté het om trimpakte vir die doel te gebruik nie.


5.2 Tyd van trimparkbesoeke

Dit is duidelik (Figuur 9) dat die trimpark hoofsaaklik in die namiddag gebruik word. Baie min mense gebruik die park egter direk na werk, maar gaan verkleed eers huis. Alhoewel daar nie voldoende kleedkamerfasiliteite by die New Muckleneuk trimpark bestaan nie, is dit 'n feit dat bestaande fasiliteite by ander parke deur weining trimparkbenutters gebruik is.

FIGUUR 7 TRIMPARKAKTIWITEITE TE NEW MUCKLENEUK



FIGUUR 8 TRIMPARKAKTIWITEIT BY ANDER TRIMPARKE



Gedurende die somermaande gebruik heelwat persone die park in die vroeoggend asook later as 17h00. Nieteenstaande die feit dat dit in die wintermaande reeds vroeg skemer word, het slegs 7% versoeke gerig dat belangstingsfasiliteite vir aand-oefening aangebring moet word.

5.3 Woonafstand versus parkbenutting

Figuur 10 illustreer die verskynsel dat 50% van die trimparkbesoekers nader as 2 km vanaf die park woon, met 'n merkbare afname daarna. Persone wat verder as 5 km vanaf die park woon,

maak slegs 4,5% uit van die totale aantal besoekers. Hierdie tendens word ondersteun deur ander navorsing (Hugo, 1984:8 en Kallmeyer, 1984:20) alhoewel hulle nog kleiner persentasies deelnemers vanuit die 2 km radius gemeld het. Die feit dat New Muckleneuk in 'n stad geleë is terwyl ander navorsing dorpe soos Potchefstroom en Ventersdorp betrek het, moet hier in berekening gebring word.

5.4 Redes waarom trimparke besoek word

Trimparkbesoekers besoek die trim-


park met die uitsluitlike doel om fisies aktief te wees (Figuur 11). Die drie voorkeurredes genoem, behels almal die benutting van die park vir die doel waarvoor dit aanvanklik beplan is. Resultate wat in die kontroleparke verrig is, bevestig dié bevinding.

Dit is egter ook so dat trimparke 'n belangrike rol kan speel as ontspanningsoord in die buitelug en meer as 20% respondenten het die ontspanningswaarde en buitelugbelang beklemtoon.


5.5 Redes vir nie besoek

Response verkry uit die vraelyste wat versprei is in die woongebiede sowel as die terugrapportering van deelnemers, toon dat 'n gebrek aan belangstelling 'n belangrike rede vir nie-deelname is. Daar is deur 29,6% van alle inwoners 'n gebrek aan belangstelling gerapporteer terwyl 25% deelnemers gemeen het


FIGUUR 9 TYD VAN BESOEK




FIGUUR 10
**EFFEK VAN WOONAFSTAND OP
TRIMPARKBESOEK**



FIGUUR 11
REDES VIR TRIMPARKBESOEK



FIGUUR 12
**REDES VIR NIE-BESOEK VAN
TRIMPARK**



hulle gesinslede stel nie belang nie (Figuur 12). Die vernaamste rede wat deur deelnemers namens hulle gesinslede verskaf is, is dat hulle elders genoeg oefening kry. Dit blyk dus dat daar nie 'n apatie teenoor oefening *per se* bestaan nie, maar eerder 'n negatiewe persepsie van trimparkoefening.

5.6 Versoeke vir veranderings by die New Muckleneukpark

Behalwe vir 'n aantal kleinere aanbevelings soos in Figuur 13 aangetoon, was die uitstaande versoek vir die daarstel van 'n opgeleide persoon wat 'n leidende rol in die trimpark kan speel. Die publiek is oor die algemeen bewus van die suksesse wat in die verlede behaal is in New Muckleneukpark en sommige het die Stadsraad pertinent

beskuldig van 'n gebrek aan belangstelling in gemeenskapsfiksheid en gesondheid.

5.7 Bekendheid met die ligging van die trimpark

Vraelyste wat in die woonbuurte rondom die trimpark versprei is, het getoon dat 'n totaal van 23,1% van die ondervraagde huisbewoners nie bewus is van die ligging van die New Muckleneukpark nie. Dit blyk dat persone wat langer in die omgewing woonagtig is, meer bekend was met die ligging as resente intrekkers. Van die gesinne wat minder as een jaar in die gebied woon, was 46,9% onbewus van die ligging, 33,6% wat tussen 1 en 5 jaar hier woon was onbewus daarvan, terwyl slegs 16,2% van die wat langer as 5 jaar hier


gevestig is, onbewus was van die ligging.

5.8 Trimparkaktiwiteite versus ander aktiwiteite

Van die 1370 respondentie wat betrokke was by die vraelysopname in die woongebiede rondom die New Muckleneukpark het 21,5% deelname gerapporteer teenoor die 19,8% by die vier ander trimparkbedieningsgebiede. 'n Ontleding van dié syfers toon dat 18,5% van die volwassenes aangedui het dat hulle die park gebruik teenoor 28,1% kinders. (Ooreenstemmende syfers vir die ander parke is 15,5% en 29,7%).

Indien gelet word op die feit dat slegs 11% van die respondentie in die dorp fisiese oefening as nie van belang beskou het vir hulle gesondheid nie,

FIGUUR 13 AANBEVELINGS TER VERBETERING



dit moeilik om 'n deelnamesyfer van slegs 21,5% te verklaar. Trimpakte skyn oor veel groter gebruikspotensiaal te beskik indien die houding jeans oefening so positief is.

Wanneer in ag geneem word dat 24,6% van die respondenten deelneem aan georganiseerde sport, 21,1% deelneem aan ontspanningsport en 29,4% draf buite die trimpark, blyk dit dat 'n 21,5% deelnamesyfer aan trimpakkaktiwiteite heeltemal goed vergelyk met normale ontspannings- en sportaktiwiteite van die publiek. Verder wil dit voorkom dat trimpakte 'n veel meer suksesvolle vorm van grondbenutting is as normale stadspakte wat slegs 'n 7,0% besoeksyfer in die vraelysopname in woongebiede getoon het.

5.9 Meerdoelige grondgebruik

'n Totaal van 55,4% respondenten het aangedui dat die aanbring van vleisbraaierewe by New Muckleneukpark hulle sal motiveer om die park meermale te besoek (17% beslis, 38,3% moontlik).

Meyer (1984:10) illustreer die sukses van georganiseerde oppruimte programme soos volg: "'n Speelpark- en oppruimteprogram wat aangebied is deur die Stadsraad van Sasolburg (1983) het bewys dat die beskikbaarstelling van opgeleide mannekrag 'n geweldige invloed het op bywoningssyfers. Gedurende die tydperk 12–23 Desember 1983 is 'n totaal van 55 programme aangebied by 5 verskillende parke en oppruimtes. Die totale aantal kinders wat deelgeneem het was 1 461, met 'n gemiddeld van 26 kinders per program.' Trimpakte verleen, weens die aard daarvan, veel moontlikhede vir sulke programme wat nie noodwendig slegs apparaatoefeninge impliseer nie."

6. SAMEVATTING EN AANBEVELING

Vanuit die bespreking blyk dit dat daar tydens die aanvanklike ingebruikneming van trimpakte 'n fenomenale deelnamesyfer te bespeur was. Die afname moet egter in perspektief gesien word.

- Daar moet in ag geneem word dat daar geweldige reclamepogings en grootskaalse organisasie van aktiwiteite in 1978 tydens die bekendstellingsfase bestaan het wat nie tans gehandhaaf word nie.
- Sedertdien is verskeie ander trimpakte opgerig. In 1978 het die besoekersyfer dié van die hele Pretoria verteenwoordig. Tans kan aanvaar word dat die ander trimpakte al die besoekers uit hul eie bedieningsgebiede trek. Die New Muckleneuk trimpark het dus tans 'n baie kleiner brongebied as in 1978.
- Dit blyk voorts dat daar tans 'n redelike mate van stabilisasie ingetree het. Hoë deelnamesyfers in 1978 was gedeeltelik a.g.v. periodiese besoeke van groot groepes per bus wat tans nie meer die geval is nie (par. 4.1). 'n Gemiddelde daaglikske deelnamesyfer van 84 persone, soos gemonitor oor 'n tydperk van 54 dae in die New Muckleneukpark in 1985, verteenwoordig derhalwe 'n suksesvolle benutting van die fasiliteit.
- Verder moet daarop gelet word dat huidige gebruikerspersentasies baie goed vergelyk met deelnamesyfers aan ander sport- en

ontspanningsaktiwiteite en veral ten opsigte van besoek aan gewone stadspakte (par. 5.8).

Ten spyte daarvan dat die aanvanklike vermoedens, nl. dat trimparkbesoek as 'n ontspanningsaktiwiteit getaan het, as korrek bewys is, toon die navorsing dat die hele trimparkgedagte nie dood is en daarom gestaak moet word soos baie beweer nie, maar dat die teendeel waar is. Trimpakte as ontspanningsfasilitete het nog sterk potensiaal.

Die navorsing toon dat 'n aksieprogram vir verhoogde trimparkgebruik op die volgende aanbevelings gebou moet word:

- **Leiding in die trimpark:** Ten spyte van 'n deelnamesyfer van ongeveer 15 000 per maand, is trimparkleiding by New Muckleneuk in 1978 gestaak. Gesien die feit dat die vernaamste behoeftes, soos getoets onder trimparkgebruikers, die daarstel van trimleiers is, sal daar ernstige oorweging geskenk moet word aan hierdie aspek. Trimleiers hoef nie die hele dag op diens te wees nie, maar kan bloot in die tye van hoogste besoekfrekwensie funksioneer (Figuur 9).

Die gerapporteerde 3% van die bevolking wat nie wil deelneem as gevolg van die veiligheidsrisiko nie (Figuur 12) kan ook gemotiveer word tot deelname met die aanstelling van sodanige leier.

- **Bekendstelling van die trimpark aan die publiek:** Soos blyk uit die bespreking in par. 5.5 bestaan daar geen antagonisme teen trimparkgebruik nie. Nie-deelname is slegs te wydte aan 'n apatiese houding. 'n Professionele aggressiewe bemarkingsveldtog onder die publiek, skole, sportklubs, sosiale organisasies en ander groepe kan 'n groot effek hê op die onkunde, belangeloosheid en apatiese houding soos bespreek in par. 5.7 en 4.9. Mense is bewus van die waarde van fiksheid, maar moet oortuig word dat die trimpark die ideale oefenplek is.

Die maklikste bemarkingsgroep is die hoëskoolleerlinge en mans onder 40 jaar. Spesiale aandag met betrekking tot jong kinders en persone bo 40 jaar, sal vereis word.

Indien nuwe intrekkers ook spesiaal ingelig word met betrekking tot die ligging van die trimpakte, behoort

dit 'n merkbare invloed te hê op deelname.

● **Organisasie van trimparkaktiviteite:** Soos gesien in par. 5.9 kan georganiseerde aktiwiteite en selfs kompetisies, deelname geweldig verhoog. Die betrek van groepe, soos rugbyklubs, skole, ens. sal in die verband baie help. Vakansieprogramme is net so belangrik soos die gedurende die skooltermyn (par. 4.2).

● **Trimparkplasing en ontwerp:** Dit blyk dat die middelklasinkomste-groep (en gevvolglik die ooreenstemmende sosio-ekonomiese woonbuurte) die teikengroep vir trimparkplasing behoort te wees. Dit is egter noodsaklik dat daar ook aandag gegee word aan 'n model vir trimparkontwerp wat aspekte natuurskoon, veiligheid, grondtipe, besoedelingspeil, ligging met trekking tot stedelike funksies, ens.

sal betrek (Hugo, 1985). Die blote daarstelling van 'n park op 'n "afval" stukkie grond in die stad, impliseer nog lank nie 'n potensieelbruikbare ligging nie.

'n Nadere ontleding van Figuur 12 suggereer dat meer privaatheid vanaf die aanliggende strate deur beter landskapontwerp en aanplantings op trimparke 'n gedeelte van die 9% persone wat nie in die openbaar wil oefen nie, kan oorreed tot deelname.

Trimpark behoort in die orde van 4 tot 5 km van mekaar opgerig te word indien optimale besoekers-deelname verkry wil word. Kleiner trimstasies kan by bestaande stad-sparke opgerig word indien fondse vir volledige nuwe trimparke nie beskikbaar is nie. Dié werkswyse word reeds in Port Elizabeth toegepas.

● **Meerdoelige grondgebruik:** Vanuit gerapporteerde suksesse, soos onder ander in Sasolburg, wil dit voorkom of maksimale benutting van grondoppervlaktes wat tans in stede deur trimparke beslaan word, bewerkstellig kan word deur ook voorsiening te maak vir ander aktiwiteite op dieselfde terrein.

7. SLOTOPMERKING:

In vergelyking met ander sport- en ontspanningsaktiwiteite en parkbesoeke blyk trimparke steeds 'n gewilde ontspanningsaktiwiteit met besliste sterk potensiaal te wees en dit het 'n baie belangrike funksie om te vervul ten opsigte van die algemene peil van fiksheid en gesondheid in die samelewing. Dit is dan ook die owerhede se taak en plig om hierdie fasilitet so te beplan, op terig en te bestuur, dat die werklike waarde daarvan maksimaal ontwikkel en gehandhaaf kan word.

BIBLIOGRAFIE

Hugo, M.L. 1984. 'n Ondersoek na die benutting van trimparke. Navorsingseenheid: Omgewingsbenutting A2/84, P.U. vir C.H.O. Potchefstroom
Joubert, J.L. 1981. 'n Ondersoek na die

benutting van die Oosbrug trimpark te Potchefstroom. PU vir CHO, Potchefstroom.

Kallmeyer, M.H. 1984. 'n Ondersoek na die benutting van die Beyerspark Trimpark te Boksburg. PU vir CHO, Potchefstroom.

Meyer, C du P. 1984. Speelpark-programme – 'n Nuwe uitdaging aan plaaslike owerhede. PU vir CHO, Potchefstroom.

Wolfaardt, W.H. s.j. Trimpark as Grondgebruikpatroon. Magister-verhandeling (in voorbereiding), P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.